Vertroulik

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## MEI/JUNIE 2024

**PUNTE: 70**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Leesbegrip (30)
   AFDELING B: Opsomming (10)
   AFDELING C: Taalstrukture en -konvensies (30)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

4. Trek 'n streep ná elke afdeling.

5. Nommer elke antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

8. Voorgestelde tydsindeling:

   AFDELING A: 50 minute
   AFDELING B: 30 minute
   AFDELING C: 40 minute

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1

Lees en kyk na die volgende tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

### TEKS A: ARTIKEL

**WERK BETER IN MINDER URE**

1 Honderde oorsese maatskappye het met 'n verkorte werkweek begin eksperimenteer. Suid-Afrika is tans betrokke by 'n internasionale toetsprojek van ses maande in onder meer Brittanje, Amerika, Kanada, Australië en Nieu-Seeland om die voor- en nadele van 'n vierdagwerkweek te bepaal.

2 Die idee agter die vierdagwerkweek behels dat mense produktiewer kan wees as hul werkure verkort word. Dié vierdagwerkweek is gegrond op die 100-80-100-beginsel: werkers verdien 100% van hul salarisse deur 80% van die tyd te werk, maar teen 100% van die uitset. Mense werk dus minder ure, maar moet dieselfde doelwitte in die werkplek bereik. So word probeer om 'n balans tussen produktiwiteit en welstand te bevorder. Verder word nuwe talent gelok en behou en die lewens van werkers en hul gesinne verbeter.

3 Voorlopige resultate van 'n vierdagwerkweek-studie in Ierland in 2022 het die indruk geskep dat die meeste bestuurders oor die algemeen positief oor produktiwiteitsvlakke was. Dr. Dale Whelehan, lid van Ierland se bestuurskomitee vir dié studie, sê daar was 'n groot afname in stres, uitbranding, uitputting en gesinsverwante konflik onder die werkers wat vier dae per week gewerk het.

4 Karen Lowe, voorsitter van Vierdagweek Suid-Afrika, sê wêreldwye navorsing lig toenemende uitbranding onder werknemers uit. Volgens Gallup se 2022-verslag is net 24% van Suid-Afrikaanse werknemers produktief en aktief by hul beroepe betrokke en net 29% se algehele welstand is hoog. Welstand onder werknemers is tans die laagste ooit. Dit lei daartoe dat mense makliker van werk verander of bedank om hul eie ondernemings te begin. Baie mense bly dalk aan, maar is onbetrokke by hulle werksomgewing.

5 Die vierdagwerkweek is bedoel om weer woema in die werkplek te sit. Lowe sê dit beteken nie dat mense nou minder gaan doen nie, maar dat hul prestasies aan spesifieke uitkomste gemeet gaan word, eerder as aan die aantal ure agter 'n lessenaar.

6 Sy sê maatskappye wat probleme in die werkplek ontken en voortgaan om werknemers as blote pionne te beskou, gaan enige mededingende voordeel verloor. Hulle sal nie talentvolle mense behou of lok nie. Dit sluit werkgewers in wat reken mense moet harder en langer werk en dankbaar wees vir hul salarisse in die lig van die hemelhoë werkloosheid in Suid-Afrika.

7 Kirk Kruger is die vergoedingspesialis van die SA Vergoedingsvereniging. Hy sê voorstanders van die vierdagwerkweek glo werkers sal produktiewer wees en 'n gesonder werk-leefstyl-balans handhaaf. Hulle skryf dit toe aan die feit dat werkers op die ekstra weekdag wat hulle vir hulself het, persoonlike en gesinsverpligtinge kan nakom. Oor naweke kan hulle dan hul leefstylprioriteite uitleef.

8 Die vierdagwerkweek moenie met 'n "saamgeperste" werkweek verwar word nie. Laasgenoemde behels dat werkers dieselfde vergoeding ontvang en dieselfde getal ure per week werk, maar meer ure op sekere dae werk om steeds die vereiste ure in minder werksdae te behaal.

9 Asma Cachalia, senior vennoot by Cliffe Hofmeyr se afdeling vir arbeidsreg, sê Suid-Afrikaanse arbeidswetgewing is gegrond op 'n vyfdagwerkpatroon en sal moeilik aangepas word. Suid-Afrikaners droom daarom verniet van 'n vierdagwerkweek as gevolg van die land se streng arbeidswette, praktiese struikelblokke en werkgewers se houdings.

10 Peet Kruger, 'n onafhanklike vergoedingskonsultant, stem saam deur daarop te wys dat 'n vierdagwerkweek gevolge vir ondernemings wat dienste aan kliënte lewer, kan hê. Dit sal dus nie sommer in IT-, menslikehulpbron- en finansiële afdelings werk nie; daardie dienste moet altyd beskikbaar wees. Volgens hom is een van die grootste uitdagings in Suid-Afrika dat "uitsetgedrewenheid" in baie maatskappye nog afwesig is.

11 In Suid-Afrika het Dion Chang, eienaar van Flux Trends, 'n jaar gelede 'n vierdagwerkweek by sy onderneming ingestel. Covid-19 het hom geleer dit is onwaar dat werkers noodwendig produktief is as hulle toesighouers hulle agter hulle lessenaars sien. Hy sê dit gaan oor buigsaamheid; uitkomste is nie gegrond op tyd wat bestee word nie.


12 Die werkmodel van vyf werkdae en 40 uur per week kom uit die 1920's toe die Ford-motormaatskappy een van die eerstes in Amerika was wat dit ingestel het. Dit is later in Amerikaanse wetgewing vervat en op fabriekswerkers gemik.

13 Ons is nou egter in 'n digitale era met digitale instrumente. Dinge het ná Covid-19 onherroeplik verander – die fokus in die werkplek behoort daarom eerder mens- as plekgesentreerd te wees.

14 Dink net watter drastiese omwentelinge 'n vierdagwerkweek, met spesifieke uitkomste, in die Suid-Afrikaanse arbeidsveld tot gevolg kan hê!

[Aangepas uit www.netwerk24.com/netwerk24/sake/geldsake, 23 Oktober 2022 en 7 Januarie 2023]

**TEKS B: VISUELE TEKS**




[Aangepas uit www.thenation.com/article/economy/four-day-work-week]

**VRAE: TEKS A**

1.1 Verwys na die titel en paragraaf 1.

1.1.1 Watter woord in paragraaf 1 verduidelik die titel? (1)

1.1.2 Watter afleiding kan uit die titel oor werkers se produktiwiteit gemaak word? (1)

1.2 Verwys na paragraaf 2.

1.2.1 Waarom is 'n verduideliking van wat 'n vierdagwerkweek behels, nodig? (1)

1.2.2 Met watter DRIE argumente wil die voorstanders van 'n vierdag-werkweek hulle idee aan werkgewers verkoop? (3)

1.3 Watter VIER aspekte van werkers se welstand kan met 'n vierdagwerkweek verbeter as die bevindings in Ierland in ag geneem word? (4)

1.4 Evalueer die deursneewerker se werksbevrediging wat in paragraaf 4 beskryf word. Gee TWEE gevolge van hierdie gemoedstoestand. (3)

1.5 "Die vierdagweek is bedoel om weer woema in die werkplek te sit."

Wat word deur die gebruik van die woord "weer" in die bostaande sin geïmpliseer? (1)

1.6 Waarom is werknemers verkeerd as hulle dink dat hulle in 'n vierdagwerk-week minder gaan werk? Noem TWEE feite. (2)

1.7 Verwys na paragraaf 6 en 8.

1.7.1 Evalueer die toekoms van Suid-Afrikaanse werkgewers wat nie die realiteit van ongemotiveerde werkers wil erken nie. Motiveer jou antwoord met TWEE feite. (2)

1.7.2 Waarom sal werkgewers wat nie 'n vierdagwerkweek ondersteun nie, eerder die model van die "saamgeperste werkweek" oorweeg? (1)

1.8 Waarom kan Kirk Kruger se uitsprake as geloofwaardig beskou word én watter TWEE argumente kan aangevoer word waarom die werkers met 'n vierdagwerkweek 'n verhoogde lewensgehalte sal hê? (3)

1.9 "Covid-19 het hom [Chang] geleer dit is onwaar dat werkers noodwendig produktief is as hul toesighouers hulle agter hulle lessenaars sien."

In watter opsig ondersteun die bevindings in die Gallup 2022-verslag sy siening? (1)

1.10 "Dinge het ná Covid-19 onherroeplik verander – die fokus in die werkplek behoort daarom eerder mens- as plekgesentreerd te wees."

Dink jy die invoeging van "ná Covid-19" is funksioneel? Motiveer jou antwoord. (1)

**VRAE: TEKS B**

1.11 Watter visuele aanduidings in TEKS B dui op die verskil in die mens se fisieke welstand voor en na die vierdagwerkweek? (1)

1.12 Waarom is die insluiting van die TWEE (staaf-)grafieke doeltreffend? (1)

1.13 Waarom, dink jy, kan die bevindings van die navorsing wat in TEKS B geïllustreer word, ook op Suid-Afrikaanse werkers van toepassing gemaak word? Gee TWEE redes vir jou antwoord. (2)

**VRAAG: TEKS A EN B**

1.14 Verwys na TEKS A se paragraaf 4 asook TEKS B.

TEKS B gee genoeg leidrade om die inligting in paragraaf 4 van TEKS A te ondersteun.

Motiveer die stelling met TWEE bewyse. (2)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 2

Lees die teks hieronder en maak 'n opsomming van **sewe wenke wat jy moet volg wanneer jy werk soek**.

**LET WEL:**
1. Jou opsomming moet in jou eie woorde (in volsinne) in paragraafvorm aangebied word en mag nie meer as **90 woorde** beslaan nie.
2. Jy moet EEN samehangende paragraaf skryf.
3. Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie.
4. Dui die getal woorde aan wat jy vir die opsomming gebruik het.

### TEKS C

**SOEK JY WERK?**

Om vir die eerste keer werk te soek is nie speletjies nie. Die stres is genoeg om enige iemand slapelose nagte te gee, want jy moet tred hou met die hoë vereistes wat die arbeidsmark stel en met ander werksoekers kompeteer. Nie net beïnvloed dit jou as die een wat werk soek nie, maar plaas ook onnodige stres op jou ouers.

Wanneer jy werk begin soek, is dit belangrik dat jy jouself evalueer ten opsigte van jou sterk- en swakpunte, sodat jy in staat sal wees om te weet watter tipe werk jy moet soek. Omdat jou Curriculum Vitae jou bekendstel en bemark, moet jy dus seker maak dat jy jou nuutste CV indien waarmee jy die leser se aandag vestig op slegs die heel belangrikste feite wat hulle kan oortuig dat hulle jou vir 'n onderhoud moet nooi.

Werksoekgroepe op sosialemedia-platforms gee jou 'n idee watter geleenthede beskikbaar is. Goeie werksgeleenthede word baie dikwels hier bemark. Wees daarom innoverend en besoek hierdie mediaplatforms, want baie hiervan het ten doel om jong mense te help wat vir die eerste keer werk soek.

Dit is verder ook belangrik dat jy moet weet hoe die betrokke instansie waarby jy aansoek doen, sy werkers behandel. Doen daarom deeglik hieroor navorsing, sodat jy weet wat om by die instansie te verwag indien jy die werk sou kry.

Indien jy wel aansoek om jou droombetrekking doen, moet die instansie sien dat jy werklik belangstel om daar te werk. Dit is daarom noodsaaklik dat jy seker moet maak of hulle wel jou aansoek ontvang het.

Ondervinding is dikwels die eerste punt waarna enige instansie kyk. Dit sal daarom tot jou voordeel wees om lank voor jy aansoek doen, waardevolle ondervinding in die beroepsveld op te doen. Skaduwerk by verskillende instansies kan dus in jou guns tel.

Die belangrikste deel van werksoek is dat jy altyd positief bly deur jouself daagliks moed in te praat. Rome is nie in een dag gebou nie. Die regte geleentheid sal hom wel voordoen en jy wil jouself dan met positiwiteit bemark.

[Aangepas uit https://werknet.co.za/10-wenke-om-in-gedagte-te-hou-wanneer-jy-werk-soek]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

# Daar is nou 'n nuwe **"braaibroodjie"!**

**Soesji beskikbaar by Checkers Langenhoven Park, Mimosa Mall en Checkers Hyper Fleurdal**



By Checkers is ons toegewyd - ons maak alles beter. Dit is waarom ons altyd poog om jou nuwe, heerlike disse te bied - jy verdien dit. Besoek ons nou by hierdie takke en proe ons onweerstaanbare soesji* van die allerbeste, vars bestanddele. Kies waarvoor jy lus is. Óf jy 'n vinnige happie wil vat óf 'n hele bord, ons sjefs berei dit spesiaal vir jou. Is dit nie hoogtyd dat jy Checkers <u>besoek</u> nie?

**Checkers**
beter en beter

[Aangepas uit www.litnet.co.za/'n ontleding-van-nostalgiegedrewe-advertensies]

***Soesji** – 'n gereg uit die Japannese kookkuns. Dit bestaan altyd uit afgekoelde, gekookte rys en word gewoonlik met ander bestanddele soos vis of seekos gekombineer.

**VRAE: TEKS D**

3.1 Met watter woord in reël 1 word die leser se belangstelling geprikkel? (1)

3.2 Verwys na reëls 1 tot 4.

Waarna verwys die woord "braaibroodjie" eintlik én dink jy die gebruik van hierdie woord is doeltreffend? Motiveer jou antwoord. (2)

3.3 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (3.3) en die letter (A–D) neer, bv. 3.3.E.

Watter klankverskynsel kom by die uitspraak van <u>braaibroodjie</u> in reël 2 voor?

A Nasalering
B Assimilasie
C Klankverspringing
D Palatalisasie (1)

3.4 Op watter manier kan reël 3 en 4 daartoe bydra dat sekere lesers uitgesluit word? (1)

3.5 Verwys na reël 8 en 9.

3.5.1 Waarom is die gebruik van die woorde "óf ... óf" 'n goeie motiveringstegniek? (1)

3.5.2 Met behulp van watter ander TWEE tegnieke word die leser ook in hierdie reëls oorreed om die winkel te besoek? (2)

3.6 Vorm 'n persoonsnaam van die onderstreepte woord in reël 9 én gebruik die woord in 'n verklarende sin. (1)

3.7 Waarom kan daar vooroordeel by sekere lesers oor dié geadverteerde produk bestaan? (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Bestudeer die strokiesprent (TEKS E) en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Aangepas uit *Rapport Weekliks,* 16 Januarie 2023]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Vervang die emotiewe woord in die eerste spraakborrel in RAAMPIE 1 met 'n neutrale woord. (1)

4.2 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer (4.2) en die letter (A–D) neer, bv. 4.2 E.

Verwys na die sin hieronder.

Ek <u>het</u> baie huiswerk om te doen.

Die onderstreepte woord is 'n ...

A bywoord van tyd.
B hulpwerkwoord van tyd.
C koppelwerkwoord.
D selfstandige werkwoord. (1)

4.3 Watter emosie word deur die hond, Jakkals, se lyftaal in RAAMPIE 2 geïmpliseer? (1)

4.4 Verwys na RAAMPIE 2 en 3.

Watter handeling ondersteun Jorik se woorde in hierdie raampies én watter verwagting word deur Jorik se lyftaal geskep? (2)

4.5 Gee die vergrotende trap van die onderstreepte byvoeglike naamwoord in RAAMPIE 5. (1)

4.6 Watter woord in RAAMPIE 7 ondersteun die dringendheid van Jorik se woorde? (1)

4.7 Dink jy Jorik se toename in irritasie bereik 'n hoogtepunt in RAAMPIE 13? Motiveer jou antwoord deur na die visuele én verbale inligting afsonderlik te verwys. (2)

4.8 Jorik probeer in RAAMPIE 16 regverdiging vir sy optrede vind. Motiveer hierdie stelling. (1)
**[10]**

## VRAAG 5: ARTIKEL

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS F

**SNIKHEET? SMOORKWAAD!**

1 Aardverwarming gaan nie net die ys by die pole laat smelt nie! Smoorhitte kan ons meer opvlieend, knorrig en depressief maak en ook misdaad die hoogte laat inskiet.

2 'n Ooglopende rede is dat warm, bedompige weer ons fisiek ongemaklik laat voel. (5.3) <u>Ons slaap sleg tydens 'n hittegolf</u>, wat tot erge frustrasie, prikkelbaarheid, impulsiewe gedrag en selfs geweld kan (5.4) (lei/ly).

3 As die kraaie gaap, is professionele voetbalspelers in die Amerikaanse Nasionale Voetballiga (NFL) meer geneig om weens aggressiewe spel gestraf te word. Joernaliste gebruik makliker (5.5) <u>negatiewe</u> taal in hul beriggewing en werkers staak makliker in die versengende somerhitte.

4 Net so kan 'n onverwagse (5.6) <u>hittegolf</u> dalk 'n rol speel om ook ons breinchemikalieë om te klits. Hitte kan ons serotonienvlakke verhoog, wat weer ons aggressie beïnvloed.

5 Moet ook nie vergeet dat ons in die somer die interessantste wêreld bewoon nie – een waar ons meer partytjies hou; dit sosiaal aanvaarbaar is om bedags te drink en ons oor die algemeen meer aan die gang is.

6 Om op te som, dit is 'n moeilike knoop om te ontrafel ... Net mooi ál die dinge kan 'n groot rol speel.

[Verwerk uit *Sarie* Jan./Feb. 2023]

### VRAE: TEKS F

5.1 Skryf die woord uit paragraaf 1 neer wat 'n diftong/tweeklank bevat en onderstreep die diftong/tweeklank. (1)

5.2 Verwys na die tweede sin van paragraaf 1.

Verbeter die spelling van die woord waarin 'n skryftekenfout voorkom én gee 'n rede vir die gebruik van die skryfteken. (2)

5.3 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 2 in die lydende vorm. (1)

5.4 Kies die korrekte woord tussen hakies én gebruik die ander woord in 'n verklarende sin. (2)

5.5 Gebruik die afgeleide selfstandige naamwoord van "negatiewe" (paragraaf 3) in 'n verklarende sin. (1)

5.6 Vorm 'n teenwoordige deelwoord van die kern in "hittegolf" (paragraaf 4). (1)

5.7 Skryf die byvoeglike bysin in paragraaf 4 neer. (1)

5.8 Skryf die frase in paragraaf 6 neer wat op samevatting dui. (1)
**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**
**GROOTTOTAAL: 70**

Kopiereg voorbehou

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## AFRIKAANS HUISTAAL V1

## MEI/JUNIE 2024

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 10 bladsye.**

*Kopiereg voorbehou*

## AFDELING A: LEESBEGRIP

**Nasien van die leesbegrip:**

- Die fokus is op die begrip van die leesteks. Spel- en taalfoute word nie nagesien nie tensy dit die begrip/verstaan van die teks beïnvloed. (Taal- en spelfoute moet wel aangetoon word.)
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Geen punte word vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING toegeken nie. Die rede/bewys/motivering word oorweeg by die puntetoekenning.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoordantwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Aanvaar by meervoudigekeusevrae BEIDE die ooreenstemmende letter met die korrekte antwoord EN/OF die volledige, uitgeskryfde antwoord.

**VRAAG 1 *(Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)***

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 1.1.1 | "vierdagwerkweek" ✓ | 1 |
| 1.1.2 | 'n Mens kan aflei dat werkers se produktiwiteit kan/sal verbeter./laag is./werkers onproduktief is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.2.1 | (Dit is noodsaaklik dat die leser presies weet/ingelig is wat die vierdagwerkweek behels), omdat die leser waarskynlik nie die begrip ken nie./sodat die leser 'n objektiewe/ingeligte mening kan vorm./<br>Dit verseker dat daar nie misverstand/wanbegrip by die leser oor 'n vierdagwerkweek ontstaan nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.2.2 | 'n Vierdagwerkweek sal:<br>- verseker dat werkers meer produktief is./minder ure werk (80%), maar dieselfde doelwitte bereik (100%)./<br>- die balans tussen produktiwiteit en welstand bevorder./<br>- nuwe talent lok./<br>- verseker dat hulle hulle eie werkers behou./nie hulle werkers verloor nie./<br>- moontlik die werkers en hul gesinne se lewens/omstandighede verbeter. ✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied DRIE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 3 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.3 | Werkers sal 'n afname in **stres** ervaar./<br>Werkers sal minder aan **uitbranding** ly./<br>Werkers sal minder aan **uitputting** ly./<br>Daar sal minder **gesinsverwante konflik** wees. ✓✓✓✓<br><br>*Die kandidaat bied VIER antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 4 |
| 1.4 | Die werker het nie werksbevrediging nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke evaluering vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Mense verander (maklik) van werk./<br>Mense bedank (maklik)./<br>Mense begin maklik hul eie ondernemings./<br>Mense raak onbetrokke by die werk. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |
| 1.5 | Daar was voorheen woema in die werkplek./Daar is nie meer woema in die werkplek nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.6 | Hulle prestasie gaan aan spesifieke uitkomste gemeet word./<br>Hulle prestasie gaan nie gemeet word aan die aantal ure wat hulle agter 'n lessenaar sit nie./<br>(Hulle gaan wel minder ure werk), maar steeds dieselfde hoeveelheid werk doen. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.7.1 | (Hulle sal hulleself benadeel, want ...)<br>- hulle sal nie kan meeding/kompeteer met ander maatskappye nie./<br>- sulke werkgewers sal werkers verloor./<br>- hulle sal nie nuwe/talentvolle mense lok nie./<br>- die besigheid sal ten gronde gaan. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 2 |
| 1.7.2 | In 'n saamgeperste werkweek gaan die werknemers steeds dieselfde getal ure werk (al is die werkdae minder). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.8 | Kirk Kruger is 'n (vergoeding-)spesialis (van die SA Vergoedingsvereniging). ✓<br><br>**EN**<br><br>Werkers sal 'n gesonder werk-leefstyl-balans handhaaf./<br>Werkers sal hulle persoonlike verpligtinge (op die ekstra weekdag) kan nakom./<br>Werkers sal hulle gesinsverpligtinge (op die ekstra weekdag) kan nakom./<br>Werkers sal hulle leefstylprioriteite (oor naweke) kan uitleef. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | 1<br><br>2 |

| | | |
|---|---|---|
| 1.9 | Die Gallup 2022-verslag noem dat min/net 24% van Suid-Afrikaanse werknemers produktief by hul werk is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.10 | Ja<br>Die verwysing na/invoeging van Covid-19 herinner die leser dat die mens se prioriteite verander het./se lewe belangrik is./veroorsaak dat die leser besef dat menselewens nie in geldwaarde gemeet kan word nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Covid-19 is iets van die verlede./nie meer so aktueel/belangrik nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat moet die funksionaliteit van die invoeging evalueer.* | 1 |
| 1.11 | Die een persoon se kop rus op die lessenaar en die ander die persoon/persone sit regop./Die mensfigure/<br>Die kolomme/grafiek oor slaapversteurings (toon die verandering in menslike welstand voor en na die instelling van die vierdagwerkweek op 'n visuele wyse aan.) ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.12 | (Die grafieke is doeltreffend, want) die leser kan onmiddellik/maklik waarneem/verstaan hoe die slaapsversteurings afgeneem het./hoe die produktiwiteit verander het./<br>Die visuele uitbeelding is maklik verstaanbaar. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | 1 |
| 1.13 | Aangesien hierdie navorsing in meer as een land gedoen is, is die kanse goed dat die bevindings ook in Suid-Afrika so sal lyk./<br>Suid-Afrikaners werk, net soos VSA-werkers, ongeveer 45 of meer uur per week, dus sal dit ook hier van toepassing wees./<br>Suid-Afrikaanse werkers toon ook die kenmerke van uitputting./uitbranding./stres./ slaapversteurings. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk.* | 2 |
| 1.14 | TEKS B verwys na navorsing in VSA, VK, Brittanje en Australië/verskillende lande, terwyl TEKS A ook na navorsing uit ander wêrelddele verwys./<br>TEKS B toon dat werkers se welstand laag was voor/verbeter het na die instelling van 'n vierdagwerkweek, terwyl TEKS A noem dat die welstand van werknemers laag is./'n vierdagwerkweek nodig is./<br>TEKS B toon dat werkers se produktiwiteit na die instelling van 'n vierdagwerkweek verbeter het, terwyl TEKS A noem dat min/slegs 24% van Suid-Afrikaanse werknemers produktief/aktief betrokke is. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE soortgelyke antwoorde vir EEN punt elk aan.*<br>*Die kandidaat moet direk/indirek na TEKS A en TEKS B verwys.* | 2 |
| | **TOTAAL AFDELING A:** | **30** |

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 2**

**Nasien van die opsomming**

- Die nasien van die opsomming word baseer op die insluiting van die relevante feite in die teks wat met die vraag ooreenstem.
- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.

- Punte word soos volg toegeken:
  - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
  - 3 punte vir taal
  - Totale punte: 10
- Verspreiding van punte vir taal wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
  - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
  - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
  - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van punte vir taal wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het:
  - 6–7 direkte aanhalings: ken geen punte vir taal toe nie
  - 4–5 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 1 taalpunt toe.
  - 2–3 direkte aanhalings: ken 'n maksimum van 2 taalpunt toe.

**INTERPRETASIE VAN HIERDIE NASIENRIGLYN:**
Indien 'n kandidaat woordelikse aanhalings as feite aanbied, word hy/sy soos volg vir taal bepunt:

- Met 6 of 7 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 6/7 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 4/5 aanhalings; 2 taalpunte verdien vir 2/3 aanhalings; 3 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 4 of 5 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 4/5 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien vir 2/3 aanhalings; 2 taalpunte verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 2 of 3 korrekte feite kan die kandidaat geen punte vir taal verdien indien hy/sy 2/3 aanhalings as feite aanbied nie; slegs 1 taalpunt verdien in die geval van slegs 1 aanhaling.
- Met 1 korrekte feit kan die kandidaat geen taalpunt verdien indien die enkele feit 'n aanhaling is nie.

**LET WEL:**

- Tel van woorde:
  - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
  - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
  - As die getal woorde oorskry is, lees tot by die laaste sin waarin die getal woorde oorskry word en ignoreer die res van die opsomming.
  - Korter opsommings wat die vereiste aspekte bevat, mag nie gepenaliseer word nie.

**NASIENSIMBOLE**

| | |
|---|---|
| **V** | Onvolledige sin |
| **^** | Onvolledige feit |
| **A** | Aanhaling |

| | |
|---|---|
| **H** | Herhaling |
| **S** | Stelling |
| **F** | Feitefout |

**MOONTLIKE PARAGRAAF**

Evalueer jouself ten opsigte van jou sterk- en swakpunte. Dit is ook belangrik om jou nuutste CV in te dien. Wees verder innoverend in jou soektog deur die beskikbare werksoekgroepe op sosiale mediaplatforms te raadpleeg. Doen deeglik navorsing oor hoe die instansie sy werkers behandel. Volg jou aansoek op deur seker te maak dat hulle dit ontvang het. Doen gereeld skaduwerk sodat jy meer ondervinding kan opdoen. Bly altyd positief, terwyl jy werk soek.

[Getal woorde: 74 woorde]

**OF**

| **AANHALING UIT TEKS** | | **MOONTLIKE BEWOORDING** |
|---|---|---|
| ... dat jy jouself **evalueer ten opsigte van jou sterk- en swakpunte** ... | A | Evalueer jouself ten opsigte van jou sterk- en swakpunte. |
| ... moet jy dus altyd **seker dat jy jou nuutste CV indien**. | B | Maak seker dat jy jou nuutste CV indien. |
| Wees daarom innoverend en **besoek hierdie mediaplatforms**, want ... het ten doel om jong mense te help ... | C | Wees innoverend in jou soektog deur werk-soekgroepe op mediaplatforms te raadpleeg. |
| ... weet hoe die b**etrokke instansie ... sy werkers behandel**. Doen daarom deeglik **navorsing** ... | D | Doen deeglik navorsing oor hoe die instansie sy werkers behandel. |
| Dit is daarom noodsaaklik dat **jy seker moet maak of hulle jou aansoek ontvang** het. | E | Volg op deur seker te maak dat hulle jou aansoek ontvang het. |
| **Skaduwerk by verskillende instansies** kan dus in jou guns tel. | F | Doen ondervinding op./skaduwerk voordat jy aansoek doen. |
| Die belangrikste deel van werksoek, is dat **jy altyd positief bly** ... | G | Bly altyd positief, terwyl jy werk soek. |
| | | **Getal woorde: 66** |

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
  - Eenwoordantwoorde word nie gepenaliseer nie, al is die spelling nie korrek nie tensy die spelling die betekenis van die woord beïnvloed en/of spelling die aspek is wat geassesseer word.
  - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- Vir meervoudigekeusevrae word die letter van die korrekte antwoord en/of die antwoord wat uitgeskryf is, as korrek aanvaar.

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 3.1 | nuwe ✓ | | 1 |
| 3.2. | Na soesji ✓<br><br>**EN**<br>Ja<br>Die woord is doeltreffend, aangesien Suid-Afrikaners 'n voorliefde vir 'n braaibroodjie het./dié woord hulle aandag sal prikkel om die advertensie te lees./'n braaibroodjie 'n tradisionele gereg van Suid-Afrikaners is waarmee hulle kan identifiseer.<br><br>**OF**<br>Nee<br>Die woord is nie doeltreffend nie, want iemand wat nie verder lees nie, sal dit verkeerd verstaan./Mense wat nie brood eet nie, sal nie geprikkel word om dit te lees nie. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1<br><br>1 |
| 3.3 | D/palatalisasie ✓ | | 1 |
| 3.4 | Lesers wat nie binne die (geografiese) grense van hierdie winkels val nie, sal nie die soesji kan gaan koop nie./<br>Slegs (teiken-)lesers wat binne die (geografiese) grense van hierdie winkels val, sal die soesji kan koop. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 3.5.1 | Die woorde "óf ... óf" beklemtoon dat die leser 'n keuse (oor die hoeveelheid wat hy/sy wil koop) het./Die woorde spreek die leser se reg tot vryheid van keuse aan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 3.5.2 | Die leser word direk deur die persoonlike voornaamwoord "jy"/"jou" betrek./<br>Oorredende taal soos "spesiaal vir jou"/"sjefs"/"waarvoor jy lus is" oortuig die leser./<br>Die retoriese vraag wil die leser aanspoor/tot nadenke stem om op te tree./oorreed om hierdie spesifieke Checkers-takke te besoek. ✓✓<br><br>*Die kandidaat bied TWEE antwoorde vir EEN punt elk aan.* | | 2 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3.6 | Die besoeker(-s) is ontydig./<br>Die besoeker(-s) het ons verras./<br>My goeie vriend(e) was ('n) welkome besoeker(-s). ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 3.7 | Dit is 'n uitheemse kossoort./pas nie noodwendig by die leser se kultuurgroep/kos-tradisie nie./val bloot nie in sy/haar smaak nie./Die leser kan bedenkinge hê oor die gesondheidswaarde daarvan ten opsigte van hoe vars dit is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Nee ✓ | | 1 |
| 4.2 | D/selfstandige werkwoord ✓ | | 1 |
| 4.3 | teleurstelling/ongelukkigheid/ongeloof/afwagting ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke emosie vir EEN punt aan.*<br>*Die kandidaat mag die emosie vir EEN punt omskryf.* | | 1 |
| 4.4 | Die vinger wat hy wys,/hand wat hy ophou, ondersteun sy woorde. ✓<br><br>**EN**<br><br>Daar word verwag dat hy nie gaan toegee nie./hy nie buite gaan speel nie./hy ernstig oor sy huiswerk gaan bly. ✓ | | 1<br><br>1 |
| 4.5 | slimmer ✓<br><br>*Die kandidaat bied die korrekte spelling vir EEN punt aan.* | | 1 |
| 4.6 | móét ✓<br><br>*Die kandidaat moet die akuuttekens op die woord vir EEN punt plaas.* | | 1 |
| 4.7 | Ja<br><br>Visuele inligting: In RAAMPIE 13 word Jorik se irritasie geïntensiveer, omdat sy oë groot oop is./hy hewig frons./sy mond wawyd oop is./die sweet letterlik van sy gesig af spat./hy sy hande in die lug gooi./hy sy vuiste wil bal. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>**EN**<br><br>Verbale inligting: In RAAMPIE 13 roep Jorik die woorde uit./vra Jorik of Jakkals verstaan./dui die spraakborrel in die vorm van 'n tiktak Jorik se frustrasie aan. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.*<br><br>*Die kandidaat kan nie 'n NEE-antwoord by die visuele of verbale inligting aanbied nie.* | | 1<br><br>1 |
| 4.8 | Jorik se woorde dui daarop dat hy homself wil oortuig dat buitespeel goed vir sy ontwikkeling is./dat buitespeel 'n buitemuurse aktiwiteit is. ✓<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt aan.* | | 1 |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | | Punt |
|---|---|---|---|
| 5.1 | <u>y</u>s/b<u>y</u> ✓ | | 1 |
| 5.2 | opvlieënd ✓<br><br>**EN**<br><br>Die deelteken dui (die begin van) 'n nuwe lettergreep (by opeenhoping van klinkers) aan. ✓ | | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.3 | Daar word tydens 'n hittegolf (deur ons) sleg geslaap./Daar word (deur ons) sleg geslaap tydens 'n hittegolf./<br>Tydens 'n hittegolf word daar (deur ons) sleg geslaap (deur ons). ✓ | | 1 |
| 5.4 | Lei ✓<br><br>**EN**<br><br>Hy <u>ly</u> aan 'n siekte. ✓ | | 1<br><br><br><br>1 |
| 5.5 | Sy <u>negatiwiteit</u> is besig om almal om hom te beïnvloed! ✓ | | 1 |
| 5.6 | golwend(-e) ✓ | | 1 |
| 5.7 | ... wat weer ons aggressie beïnvloed. ✓ | | 1 |
| 5.8 | Om op te som/ál die dinge ✓ | | 1 |
| | | | **[10]** |
| | | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

Kopiereg voorbehou